# Hoofstuk van die dag: Romeine 11

> *As God eenmaal aan mense sy genadegawes geskenk en hulle geroep het, trek Hy dit nooit weer terug nie. (vers 29)*

Baie gelowiges het ’n geliefde wat nie (meer) glo nie. Dit is natuurlik ’n baie hartseer saak, en dit kan jou paniekerig

maak as jy dink dat hy of sy nie saam met jou in die ewigheid sal wees nie. En dit is inderdaad so dat iemand wat Christus as Here verwerp (vir sover ons God se Raad kan verstaan), nie die ewige lewe sal smaak nie (Joh 3:36).

Gelukkig is dit nie die laaste woord nie. Paulus gee vir dié wat treur oor geliefdes wat nie glo nie, 'n sprankie hoop as hy ons daaraan herinner dat God nooit sy genadegawes terugtrek nie. Selfs die Jode wat Jesus gekruisig het, is hierby ingesluit.

In die Dordtse Leerreëls 1.11 bely ons dit só: "God self is alwys, onveranderlik, alwetend en almagtig, en daarom kan sy daad van uitverkiesing nie ongedaan gemaak, oorgedoen, verander, herroep of afgebreek word nie. Die uitverkorenes kan ook nie verwerp of in getal verminder word nie."

Daar bly dus altyd hoop! Moenie ophou bid en ophou liefde gee vir hulle wat die spoor byster is nie.

© Bybelkoerant 2018 – 2026